Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 31 AUGUSTUS 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Verkeers- en Wetstoepassingsdienste, mnr R Steyn
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Pastoor A Mesani van die Volle Evangelie Kerk, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslede en amptenare. 'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan amptenare wat 'n langdienssertifikaat sal ontvang.

Die Speaker hou 'n gedeelte uit Gedragskode vir Raadslede, Bylae 1 van die Stelselswet (Wet 32 van 2000) aan die Raad voor, waarkragtens dit 'n misdryf is indien 'n raadslid op 'n vergadering teenwoordig is tydens die bespreking van of stemming oor 'n saak waarby hy 'n direkte of indirekte persoonlike of privaat besigheidsbelang het. Verder mag geen raadslid 'n party by of bevoordeelde kragtens 'n kontrak vir die verskaffing van goedere of dienste aan enige munisipaliteit of enige munisipale entiteit ingestel deur 'n munisipaliteit wees nie.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl F S Humphreys.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1/...

3.1 OORHANDIGING VAN SERTIFIKATE VIR GETROUE DIENS: SWARTLAND MUNISIPALE AMPTENARE

Die Speaker gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder en die Uitvoerende Burgemeester om die sertifikate te oorhandig.
Die Munisipale Bestuurder bedank die amptenare vir die getroue diens wat hulle aan die Munisipaliteit lewer.

KENNIS GENEEM dat die volgende amptenare sertifikate ontvang vir getroue diens, naamlik:

- T F Rossouw (Elektriese Dienste) – 25 jaar
- G Arries (Siviele Ingenieursdienste) – 25 jaar (afwesig)
- I M Humphreys (Siviele Ingenieursdienste) – 30 jaar
- A M Burger (Ontwikkelingsdienste) – 30 jaar
- K Welkom (Siviele Ingenieursdienste) – 30 Jaar (afwesig)

3.2 MEDEDELINGS DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Die Munisipale Bestuurder versoek dat raadslede kennis neem van die volgende:

- Omsendskrywe ontvang vanaf SALGA rakende die raadslidsopleiding wat vanaf 5 tot 9 September 2016 te Ganzekraal aangebied sal word, soos uitgedeel op die vergadering;
- Strategiese Sessie wat gehou sal word vanaf 15 tot 16 September 2016 te KrommeRhee;
- Ondertekening van artikel 53 roluitklaring deur raadslede wat nagelaat het om dit op 11 Augustus 2016 te onderteken;
- Dat wyksraadslede na afloop van die vergadering agterbly om inligting te ontvang aangaande die verkiesing van wykskomitees;
- Oktober se raadsvergadering vervroeg na Woensdag, 26 Oktober 2016 om 11:00 (i.p.v. Donderdag, 27 Oktober 2016).

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N EERSTE VERGADERING VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD GEHOU 11 AUGUSTUS 2016

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die notule van die eerste vergadering van die vierde munisipale raad gehou op 11 Augustus 2016 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word, onderhewig daaraan dat –

Rdl C B Fortuin se naam reggestel word en verder –

KENNIS GENEEM word van rdl A M Sneewe se kommer dat daar 'n konflik van belange is ten opsigte van rdl C H Papers as lid van die Taxi-komitee, aangesien sy vrou 'n taxi-onderneming bedryf, en rdl R F van der Westhuizen as lid van die Begrafnisondernemingsforum, aangesien sy seun eienaar van 'n begrafnisonderneming is, en verder van die versoek van die Speaker om indien rdl A M Sneewe die aangeleentheid verder wil bespreek, dit by wyse van 'n skriftelike mosie by die Munisipale Bestuurder ingedien moet word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 MFMA TYDSKEDULE (2/1/4/4/1)

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die verskil tussen item 8.1, synde die MFMA Skedule wat in terme van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 en item 8.2, synde die 2017-2022 GOP Prosesplan wat in terme van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 voorgelê moet word.

Voormelde wetgewing plaas dus verskillende verpligtinge op die Raad, vandaar die aparte voorlegging van die onderskeie prosesplanne.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

Dat die Tydskedule vir die opstel van die jaarlikse begroting in terme van artikel 21 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003), goedgekeur word.

8.2 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP): PROSESPLAN (2/1/4/4/1)

Sien bespreking onder item 8.1.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat die Prosesplan ten opsigte van die opstel van die 2017-2022 GOP vir Swartland Munisipaliteit in terme van artikel 28 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) goedgekeur word;

(b) Dat die Prosesplan ook die hersiening van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk rig.

8.3 ONDERSOEKE NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUURSWET, WET 56 VAN 2003 (5/15/1/5)

Rdl D B Philander noem dat die verslag nie duidelik is aangaande die remidiërende stappe wat geneem is, veral ten opsigte van verskerpte toesighouding nie. Verder noem rdl Philander dat hierdie 'n bewys is dat Swartland Munisipaliteit nie korrupsie vry is nie – in teenstelling met die stelling deur die Uitvoerende Burgemeester tydens sy openingsrede op 11 Augustus 2016 dat dit wel die geval is – en dat daar streng opgetree moet word teen amptenare wat hulle aan korrupsie skuldig maak.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat hierdie verslag reeds by twee geleenthede voor komitees van die Raad gedien het, en behandel weereens die verslag met vermelding dat daar wel dissiplinêr teen toesighouers opgetree sal word wat nie hulle verantwoordelikhede nakom nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Dat daar kennis geneem word van die vordering in die volgende sake met betrekking tot vrugtelose en verkwiste uitgawes:

(a) Ongerymdhede met die aankoop van materiaal – in proses, hangende uitslag va die hofsaak;
(b) Onreëlmatige vervoer van tuinvullis – afgehandel; en
(c) Onreëlmatige vervoer van Wendyhuis – afgehandel.

[Nota: Volledige ondersoekverslae is beskikbaar by die Kantoor van die Bestuurder: Interne Oudit.]

8.4 NUWE TARIEF IN TERME VAN VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GROND-GEBRUIKSBEPLANNING: VRYSTELLING VAN SEKERE ONDERVERDELINGS EN KONSOLIDASIES (5/4/1/1)

Die nuwe Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning van Swartland Munisipaliteit maak voorsiening vir 'n aantal verskillende tipes aansoeke wat gepaardgaande administratiewe handelinge vereis.

Die administratiewe proses vir die afhandeling van 'n vrystelling van sekere onderverdelings en konsolidasies ingevolge artikel 24 van die Verordening kan is nie so omvattend nie en kan spoedig afgehandel word. Gevolglik word 'n tarief van 50% van 'n gewone onderverdelingsaansoek voorgestel, te wete R590,00.

Na 'n bespreking van die item noem die Munisipale Bestuurder dat 'n vervangende item aan die Raad voorgelê is, aangesien die opskrif verkeerd was en nie handel met huiswinkels nie, maar wel met sekere onderverdelings en konsolidasies. Verder, aangesien dit 'n nuwe tarief is, kan dit deur die loop van die finansiële jaar geïmplementeer word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

(a) Dat die Raad die nuwe tarief vir die vrystellings van sekere onderverdelings en konsolidasies ingevolge artikel 24 van die Verordeninge insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) goedkeur, naamlik – R590,00 – synde 50% van die normale onderverdelingsaansoek van R1 180,00;

(b) Dat die nuwe tarief met ingang van 1 Oktober 2016 geïmplementeer sal word.

8.5 NUWE STRAATNAME: PHOLA PARK 2 (16/5/6)
[Rdl N S Zatu verlaat die lokaal vir die bespreking van die item.]

Rdl B J Penxa noem dat die gemeenskap begerig is om die straatname van Zatu- en Jacob Zumastrate toe te ken, en dat die Raad nie teen die wil van die gemeenskap moet optree nie. Die gevallestudies waarna in die verslag verwys word, kan nie genasionaliseer word nie, aangesien die plaaslike gemeenskap redes het waarom die strate as sulks vernoem moet word.

Rdl D B Philander ondersteun die versoek van rdl Penxa en noem dat daar nie 'n beleid in plek was toe die straatname voorgestel was nie, en dat die voorgestelde straatname aanvaarbaar was omrede dit deur die gemeenskap ondersteun word. Daar was dus nie rede om die item weer terug te verwys nie.

Rdh T van Essen noem dat die toekenning van die betrokke straatname deur die ANC gebruik was om steun te wen tydens die verkiesingsveldtog, en dat die DA as beherende party nie die toekenning van persone se name (wat nog leef) aan straatname ondersteun nie.

Rdl O M Stemele noem dat Swartland Munisipaliteit nie in afsondering gesien moet word nie. Die rede waarom die item terug verwys word is omdat die toekenning van straatname 'n sensitiewe saak is met historiese implikasies, en die 'nuwe' Raad ook geleentheid moet kry om hieraan oorweging te verleen.

Rdl B J Penxa wys daarop dat Saldanhabaai Munisipaliteit die name van persone as straatname gebruik.

Die Speaker versoek dat daar tot stemming oorgegaan word en die aangeleentheid word beslis, in die afwesigheid van twee raadslede (ingesluit rdl N A Zatu) met sestien (16) stemme ten gunste daarvan, vier (4) stemme daarteen, met een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

(a) Dat kennis geneem word van die aangehegte verslag, en dat die verslag as basis gebruik word vir die ontwikkeling van 'n beleid vir die benoeming van strate en ander publieke plekke;

8.5/...

(b) Dat die twee straatname, naamlik Zatu Straat en Jacob Zumastraat nie verder oorweeg word nie;

(c) Dat verdere geleentheid gegee word om nuwe name voor te stel, met inagneming van die voorgestelde riglyne in die aangehegte verslag, vir voorlegging aan die Raad.

[Rdl N S Zatu sluit weer by die vergadering aan.]

8.6 AANSTELLING VAN OUDITKOMITEELEDE (11/1/3/1/7)

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat ingevolge artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003) moet die Ouditkomitee deurlopend uit drie eksterne lede bestaan. Met die bedanking van me L Waring het daar 'n vakature ontstaan wat onmiddellik gevul moet word.

Twee persone het aansoek gedoen om as eksterne lid op die Ouditkomitee te dien en die CV's van onderskeidelik dr J Prins en mnr R I Kingwill is met die item gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat kennis geneem word dat twee aansoeke ontvang is om as eksterne lid op die Ouditkomitee van Swartland Munisipaliteit te dien. Dat, in ag genome die samestelling en vaardighede van die bestaande Ouditkomitee, mnr Kingwill aangestel word om op die Prestasie, Risiko en Finansiële Ouditkomitee vir 3 jaar met ingang van 1 September 2016 te dien. Dat die aanstelling gedoen word ingevolge die vergoedingstarief soos bepaal deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 9 Desember 2015;

(b) Dat die aanstelling van me M Roos en mnr A M Theron as lede van die Prestasie Ouditkomitee verleng word vanaf 1 Januarie 2017 tot 31 Desember 2017 soos voorgeskryf deur artikel 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Beplannings- en Prestasiebestuursregulasies van 24 Augustus 2001;

(c) Dat die aanstelling van mnr Kingwill om ook op die Prestasie Ouditkomitee te dien, goedgekeur word vir dieselfde termyn as dié van die lede genoem in paragraaf (b);

(d) Dat dr Prins bedank word vir haar belangstelling om op die Ouditkomitee van Swartland Munisipaliteit te dien en dat haar dienste in die toekoms aangevra sal word indien 'n geskikte geleentheid ontstaan.

GETEKEN:
SPEAKER